

# Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:**

**Dr. Ernst Endres - 19 Julie 2020**

## 1. VOTUM

Die Here is my herder,  
ek kom niks kort nie.

<sup>2</sup>Hy laat my rus in groen weivelde.

Hy bring my by waters  
waar daar vrede is.

<sup>3</sup>Hy gee my nuwe krag.

<sup>4</sup>Selfs al gaan ek deur donker dieptes,

sal ek nie bang wees nie,  
want U is by my.

In u hande is ek veilig.

## 2. SEËNGROET

Genade en vrede van God ons Vader,  
en Jesus Christus onse Here,

deur die kragtige werking van die Heilige Gees

## 3. LOFLIED: AGNUS DEO

Halleluja, Halleluja want die Here almagtig regeer

Halleluja, halleluja want die Here almagtig regeer

Halleluja, heilig, heilig is U Here almagtig

Heilig is die Heer, heilig is die Heer. U is heilig. Heilig, is U Here, almagtig

Heilig is die Heer, heilig is die Heer, Amen.



#### 4. SKRIFLESING EN GEBED.

**TEMA: BOKSPRING IN DIE VLAMME VAN SWAARKRY**

**TEKS: 1 Petrus 1:3-9 en 1 Petrus 4:12**

##### *Brand in Rome: Julie 64 nC*

In Julie 64 nC het 'n brand in die armste gedeeltes van Rome uitgebreek. Deur sterk winde aangedryf, het die brand mettertyd na ander gedeeltes van die stad uitgebrei. Na 'n week is die vlamme onder beheer gebring, net om later weer uit te breek. Nadat die vlamme uiteindelik geblus was, was 'n groot gedeelte van die stad verwoes gewees. Gerugte het die ronde gedoen dat keiser Nero die stad aan die brand gestee het omdat hy die arm gedeelte van die stad wou herbou. Ander gerugte het die ronde gedoen dat booswigte vir die brand verantwoordelik was. Iemand moes egter die blaam vir die brande kry en keiser Nero het die blaam op die Christene in Rome geplaas. Die owerhede het met 'n vervolging onder die gelowiges begin om hulle vir die brande in die stad Rome te straf.

##### *Die dood van Paulus.*

Een van die eerste martelare in hierdie tyd was die apostel Paulus. Hy was onder huisarres en het gewag vir 'n oudisie met keiser Nero. Na die brand het sy omstandighede egter dramaties verander. Hy is van die huis waar hy onder arres was, na die kerker onder die arena verplaas waar hy later in die arena sou sterf. Paulus verwys na hierdie gebeure in sy tweede brief aan Timoteus wanneer hy skryf dat sy dood voor die deur staan,

<sup>6</sup>Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur. <sup>7</sup>Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. <sup>8</sup>Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. (2 Timoteus 4:6-8a)

Dit was in hierdie tyd dat een van sy medewerkers, Demas, hom verlaat het en na sy tuisdorp in Tessalonika teruggekeer het. Paulus het dringend hulp nodig gehad en het gevra dat Timoteus en Johannes-Markus so vinnig as moontlik by hom moet aansluit (2 Timoteus 4:9-11). Kort na die skryf van hierdie brief is Paulus verhoor en kry hy die doodstraf. Hy is volgens tradisie onthoof.

##### *Tye verander*

Na die onthoofding van Paulus het die vervolging van gelowiges in Rome uitgebreek. Gelowiges moes in die arena teen wilde diere veg. Ander is in velle toegedraai en is deur roofdiere verskeur. Oor sommige is teer gegooi en as lewende



fakkels aan die brand gestee en ander is onthoof. Dit was onder hierdie omstandighede dat Petrus, wat ook in Rome was, begin besef het dat sy einde ook op hande is. Hy moes in hierdie tyd skielik die woorde van Jesus onthou het, toe Hy vir hom gesê het,

<sup>18</sup> “Dit verseker Ek jou: Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie.”

<sup>19</sup> Dit het Jesus gesê en daarmee aangedui deur watter soort dood Petrus God sou verheerlik.”(Johannes 21:18-19a)

Oor sy naderende dood skryf Petrus aan die gelowiges in Klein-Asië die volgende,

<sup>13</sup>Ek ag dit immers my plig om julle aan te spoor deur julle hieraan te herinner so lank as ek nog lewe. <sup>14</sup>Ek weet dat my dood nie meer ver is nie. Ons Here Jesus Christus het dit trouens duidelik aan my bekend gemaak. <sup>15</sup>Daarom sal ek my daarvoor beywer dat julle ook ná my heengaan altyd hierdie dinge sal onthou (2 Petrus 1:13-15).

Petrus is kort na die skrywe van sy twee briewe aan die gemeentes in Klein-Asië in Rome verhoor en volgens oorlewering onderstebo gekruisig.

### *Nie gereed vir die komende vervolgings*

Petrus, Silvanus en Johannes-Markus, wat leiers in die christelike kerk was, het die intensiteit van die vervolgings in Rome persoonlik beleef en hulle het besef dat die vervolgings wat in Rome uitbreek het, ook mettertyd na die ander provinsies van die Romeinse Ryk gaan uitbrei. Met 'n skok het hulle besef dat gelowiges nie gereed is vir die intensiteit van die vervolgings wat op hande is nie. Hulle het saam besluit om 'n brief aan die gelowiges in Klein-Asië te skryf om hulle voor te berei vir die komende tydperk van swaarkry en om hulle te bemoedig om in hierdie tyd te volhard,

<sup>12</sup>Silvanus, wat na my mening 'n getroue broer is, het vir my hierdie kort briefie aan julle op skrif gestel. Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas! <sup>13</sup>Die gemeente in Babilon (Rome), 'n uitverkore gemeente net soos julle, asook Markus, my seun, stuur vir julle groete. (1 Petrus 5:12-13).



Die brief is deur Petrus gedikteer en in die keurigste Grieks deur Silvanus, ook bekend as Silas, een van Paulus se getroue medewerkers, geskryf.

## **A. GEREED VIR DIE VUURGLOED VAN VERVOLGINGS**

**(1 PETRUS 1:6-9 EN 4:12)**

Petrus begin om die gelowiges in Klein-Asië voor te berei oor die vervolgings wat op hande is en hy gee die volgende riglyne:

### **1. 'n Vuurgloed van vervolging en swaarkry is aan die kom.**

Petrus verwys na die komende vervolging, lyding en swaarkry as 'n vuurgloed wat oppad is. Die woord "pyrousis" wat hy hier gebruik, is dieselfde woord wat die intensiteit van die brande wat in Rome uitbreek het beskryf,

"Do not be surprised at the intense trials which are happening to you, or the intensity of the trials; to burn with pain".

### **2. Dis niks vreemds wat met julle gebeur**

Petrus skryf dat die vervolgings nie iets vreemds is nie, en dat gelowiges nie geskok of verbaas moet wees oor die vervolgings wat onder hulle gaan uitbreek nie. Daar bestaan reeds 'n mate van swaarkry onder gelowiges in Klein-Asië.

### **3. Hierdie vuurgloed is van korte duur.**

Salomo het al oor die seisoene van die lewe geskryf (Prediker 3). Daar is 'n tyd om te lag en daar is 'n tyd om te huil. Daar is 'n tyd om af te breek en daar is 'n tyd om op te bou. Petrus praat van 'n seisoen van vervolgings en swaarkry, maar hy stel hulle gerus dat dit van korte duur is. Ook die seisoen van vervolgings en swaarkry sal verby gaan.

### **4. Die emosionele gevolge van die vuurgloed.**

Hierdie vervolgings gaan 'n impak op julle emosies maak. Petrus skryf, dat alhoewel hulle moet bokspring van vreugde (Grieks) oor die noodsaaklikheid van die vervolgings hulle nogtans baie swaar gaan kry. Die Griekse woord dui op hartseer, pyn, stres en 'n vorm van teneergedruktheid. Hy skryf egter dat hulle moet bokspring van vreugde oor die komende vorme van swaarkry wat op hande is,

"to show one's joy by leaping and skipping denoting excessive or ecstatic joy and delight".



## **5. Hierdie vuurgloed neem verskillende vorme aan.**

Petrus is nie spesifiek oor watter tipe vervolgings en swaarkry op hande is nie, daarom gebruik hy die woord “veelkleurige” vorms van swaarkry en beproewings. Nie almal gaan hierdie periode van swaarkry op dieselfde wyse beleef nie en dit gaan verskil van persoon tot persoon.

## **6. Die vuurgloed is noodsaaklik vir jou geloofsontwikkeling.**

Petrus skryf dat die vuurgloed van vervolgings wat onder hulle gaan uitbreek nodig is. Hy verduidelik dat die egtheid van hulle geloof deur die vuurgloed van vervolgings getoets moet word. Dit is belangrik vir hulle karakterontwikkeling en die vorming van hulle geloofslewe. Gelowiges se geloof in Christus moet (1) eers “getoets” word en daarna (2) “refine” word. Die woord wat hier gebruik word is ‘n oorlogsterm en verwys daarna dat die ware karakter en vaardighede van ‘n soldaat eers op slagveld, in die hitte van die stryd, getoets kan word. God gebruik verskillende vorme van swaarkry om die egtheid van Christene se geloof te toets,

“Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlijkheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus. (1 Petrus 1:7)

## **B. DIE GEESTELIKE KRAG VAN GELOWIGES IN DIE VUURGLOED VAN VERVOLGINGS. (WOORDE VAN BEMOEDIGING)**

Nadat Petrus hulle voorberei het vir die vuurgloed van vervolgings wat op hande is en die gevolge daarvan, gebruik hy verskillende geestelike waarhede om hulle te verseker dat hulle in die vuurgloed van vervolging nie onder sal gaan nie, maar dat hulle sterker aan die anderkant sal uitkom. Hy het juis hierdie brief geskryf om gelowiges aan te moedig om in die “vuurgloed” vas te staan (1 Petrus 5:12). Na die vuurgloed sal hulle nooit weer dieselfde wees nie.

### **1. Gelowiges is wedergebore mense met ‘n lewende hoop. (1 Petrus 1:3)**

Petrus skryf *eerstens* dat gelowiges instaat is om in die vuurgloed van vervolgings staande te bly omdat hulle anders as ander mense is. Deur hulle geloof in Jesus Christus is hulle wedergebore mense met ‘n lewende hoop wat nie deur die vlamme van die vuurgloed vernietig kan word nie.



“Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ’n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode,”

Petrus skryf verder dat “gelowiges wedergebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God” (1 Petrus 1:23). Deur die wedergeboorte het gelowiges ’n goddelike natuur en ’n lewende hoop ontvang wat nie deur die intensiteit van die vlamme aangeraak kan word nie (2 Petrus 1:4).

## **2. Gelowiges se erfenis word in die hemel vir hulle bewaar (1 Petrus 1:4)**

Die *tweede* waarna Petrus verwys wat nie deur die vlamme van die vuur geraak kan word nie, is die erfenis van gelowiges. Vrese kan bestaan dat gelowiges in die vuur kan ingee en dat hulle hul erfenis kan verloor. Petrus gee hulle egter die versekering dat hulle erfenis deur God vir hulle in die hemel bewaar word. Die woord wat Petrus gebruik vir “bewaar” verwys na ’n garnisoen soldate wat oor verskeie sake en aangeleenthede wagstaan. Daar is ’n garnisoen van soldate wat in die hemel waghou oor die erfenis van gelowiges. Die vyandige vuur van vervolging het geen invloed op die erfenis van gelowiges nie.

Verder beskryf Petrus dat die erfenis van gelowiges oor *geestelike* kwaliteite beskik wat nie deur vuur vernietig kan word nie. Gelowiges se erfenis is *onverganklik* en kan nie deur vyandige magte vernietig word nie. Hulle erfenis kan nie *besmet* word nie en hulle erfenis is *onverwelklik* en sal nie sy kleur verloor nie.

## **3. Die siel van gelowiges word veilig bewaar vir hulle saligheid. (1 Petrus 1:5)**

In die *derde* plek verwys Petrus na die siel van gelowiges. Kan die mens sy siel en sy saligheid in die vlamme verloor? Die antwoord is nee! Die totale mens is in die vuur van vervolging. Daarom kan sy liggaam, wat broos is, ingee maar Petrus gee hulle die versekering dat die intensiteit van die vuur nie hulle siele kan aanraak nie. Die siel van die gelowiges word in die vuur deur die krag van God bewaar vir hulle saligheid, wat gereed staan om in die laaste tyd geopenbaar te word. Petrus waarsku die gelowiges dat ’n “komende vuurgloed” op hande is, maar dit sal nie hulle siel en saligheid raak nie.

## **4. Christus, die Môrester, is met hulle in die vlamme van die vuurgloed. (1 Petrus 1:8-9 en 2 Petr 1:19)**



In die *vierde* plek gee Petrus gelowiges die versekering dat hulle nie alleen in die vuur van vervolging is nie. Hy verwys op verskillende wyses na Christus.

- Hy skryf dat alhoewel hulle Christus nie sien nie, hulle Hom tog liefhet. Terwyl hulle in die vlamme is, sien hulle Hom nie en tog is Hy daar. In die vlamme word daar 'n meer intieme liefdesband met Hom gesmee.
- Petrus verwys ook na Christus as die Môrester wat in die donker plek van hulle harte skyn. Die gevaar bestaan dat die lig in gelowiges gedoof kan word, maar Petrus skryf dat Christus die Môrester is wat in ons harte skyn. Hoe groter die intensiteit van die vuur, hoe sterker brand Christus as die môrester in ons harte,

“Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. <sup>19</sup>En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte. (2 Petrus 1:18,19)

### **Samevattend.**

- Soos die gelowiges in die eerste eeu nie gereed was vir die vuurgloed van vervolging wat uitbreek het nie, was ons ook nie gereed vir die Coronapandemie en sy gevolge nie.
- En tog skryf Petrus dat ons moet bokspring van vreugde oor die uitbreek van die pandemie. Hierdie pandemie is van korte duur en skep 'n nuwe geleentheid vir die verdere ontwikkeling en verfyning van ons geloofslewe.
- Inderdaad verskil die impak van die pandemie van gelowige tot gelowige en nie almal vat hierdie tydperk ewe goed of sleg nie en beleef gelowiges “veelkleurige” vorme van swaarkry.
- In hierdie tydperk gee God ons die vermoë om van krag tot krag te gaan. As gelowiges is ons wedergeborenes met 'n lewende hoop wat nie deur die vuur van die pandemie aangeraak kan word nie.
- Ons erfenis word vir ons veilig in die hemel bewaar en die pandemie kan dit nie laat verwelk of skroei nie en ons “siele” word veilig vir die saligheid deur die krag van God bewaar. Hierdie saligheid staan gereed om aan die einde van tye geopenbaar te word.
- En nog meer fantasties, hoe groter die vlamme van die vuurgloed brand, hoe helderder skyn die Môrester in ons harte.



## 5. SLOTLIED: U is die lig wat helder skyn

U is die Lig wat in die donker skyn  
U is die een wat duisternis laat verdwyn  
Skyn in ons harte, dryf die donker uot  
Skyn in ons lewens tot in ewigheid

Jesus, Christus, ons glo in U, ons buig voor U neer, buig voor U neer  
Jesus, Christus, ons God en Heer, ons bring nou aan U die eer.

U is oorwinnaar, U't die dood verslaan  
U het as Koning uit die graf gegaan  
Breek nou die bande, gooi die boeie neer.  
Ons is oorwinnaars saam met U, ons Heer.

## 6. SEËNBEDE

U laat ons by 'n feesmaal aansit,  
terwyl my teëstanders moet toekyk.  
U ontvang ons soos 'n eregas,  
Ons word oorlaai met hartlikheid.  
‘U goedheid en liefde  
sal ons lewe lank by ons bly  
en ons sal tuis wees  
in die huis van die Here  
tot in lengte van dae.

## 7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.  
U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer

